# 6 November 2023 - Lesing 168 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

n Vonkie van God se Gees in die mens – 15/10/60

**NO: 7726** En My Naam moet in die openbaar verheerlik word, want julle sal insien Wie Homself aan julle sal openbaar. Julle sal dit in julle hart voel as julle deur My aangespreek word en julle moet My dan bewustelik loof en dank omdat julle My herken het.

Die mate van My Liefde is onbegrens en sal nooit verminder nie. **Steeds weer sal die Bron van Liefde en Krag Homself open en oor julle uitstroom**. En steeds weer sal julle die nabyheid van die Vader kan bespeur en dit is My Genade wat Ek oor julle uitstort, omdat julle soos 'n klein kindjie nog swak is en My hulp nodig het.

En as Ek julle te kenne gee dat Ek in julle midde is, bly dan in stille aandag en gee julle harte aan My. Ek sal hulle almal aanneem en met liefdevolle sorg tot voltooiing bring. Julle sal begin te lewe in die innigste gemeenskap met My. Stralend helder sal julle geestelike oog wees. Die lig van insig sal julle verlig, want julle het die weg tot die Vader, **Wie in julle is**, gevind, omdat julleself vir Hom 'n **woning voorberei** het, omdat julle vir My die deur van julle hart geopen het, toe Ek aangeklop en verlang het om binne te gaan.

Toe julle hierdie aarde betree het as mens, het Ek reeds na julle toe gekom. **Ek het 'n klein vonkie van My goddelike Gees in julle geplaas**. **'n Klein Liefdesvonkie wat in julle moes uitgroei tot 'n vlam wat homself weer met die Vuur van My ewige Liefde moet verenig.**

'n Klein Deeltjie van Myself is dus in julle wanneer julle julleself as mens op aarde beliggaam en gevolglik word daar 'n verbinding met My tot stand gebring, waarvan julle egter eers bewus sal word, deurdat julle uit vrye wil 'n verbinding moet soek met julle God en Skepper en Wie dan ook al daar is, as julle die wil het om met julle God en Skepper verbonde te wees.

Die Goddelike vonkie is in julle wat julle as 'n **goddelike skepsel** bestempel, as julle dit laat deurbreek. En dit kan in julle tot deurbraak kom wanneer julle **julle wese verander tot liefde**.

Want julle het julle wese, wat eens suiwer liefde was, in die teendeel laat beland. **Julle het die wese van My teenstander aangeneem, wat heeltemal sonder liefde is** en julle het julleself daardeur van My verwyder. Maar julle was kinders van My Liefde, julle het uit My Liefde voortgekom en Ek sal julle ewiglik nie prysgee of aan My teenstander oorlaat nie, **omdat My Liefde vir julle baie groot is.**

Julle sou egter nooit die weg tot My teruggevind het as Ek julle nie vir die lewe op aarde 'n vonkie van My goddelike Gees - My Ewige Liefde - saam sou gegee het nie. Want die geesvonkie moet julle weer tot My terugvoer. Hy moet julle aanspoor om na My toe te kom. **Hy moet oor die liggaam seëvier en die siel - julle eintlike Ek - na homself trek, sodat die siel haarself kan verenig met die gees en dus ook een kan word met My, met die Vadergees van die Ewigheid.**

Hierdie geesvonk leef in julle, maar hou homself stil totdat julle homself deur julle wil die vryheid gee sodat hy homself kan uiter. **En dan openbaar Ek Myself in julle.**

Dan is julle aardse lewensdoel bereik en dan is julle lewe alleen maar net één enkele dankgebed en lofprysing. Want dan het julle wese homself ook weer verander tot liefde omdat My geesvonk nie sonder liefde tot lewe sou kon kom nie.

As My Gees Homself egter in julle kan uiter, dan blyk dit ook **dat Ek Self in julle teenwoordig is**; en die bewys is gelewer dat die kind die weg teruggevind het na die Vader, dat hy die wye kloof oorwin het wat hom ewighede lank van die Vader geskei gehou het, **dat hy nou weer deur My Liefdeskrag deurstraal word soos wat dit was in die allereerste begin**. Amein.

Maleagi 2

*14 En julle vra: Waarom? Omdat JaHWeH getuie is tussen jou en die Vrou van jou jeug wie jy verraai het, terwyl sy tog jou metgesel is en **die Vrou van jou Verbond.***

*15 Het Hy dan nie een [adamiet] gemaak nie, **hoewel Hy gees oorgehad het?** En waarom die een? Hy het 'n saadlyn van Elohim gesoek. Neem julle dan in ag **ter wille van julle gees en verraai nie die Vrou van jou jeug nie.** [Génesis 1:27]*

*16 Want Ek haat om weg te stuur (egskeiding), sê JaHWeH, die Elohey van JisraEl, en dat elkeen sy kleed met geweldpleging bedek, sê JaHWeH van die skeppings-leërmag. **Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en pleeg nie verraad nie**.*